DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

menlo-insig

Insig 31 /2025 - 6 November 2025

LIEWE MENLO

Vier weke gelede lui die foon onverwags in die Insig-kantoor. "Hallo daar," sê die stem. "Ek skakel van Laerskool Menlopark. Die matriekeksamen begin amper. Ons bring 'n paar graadeens om die graad 12's sterkte toe te wens."

'n Week later is dit sulke tyd. 'n Klompie graadeens daag met sakke vol sjokolade by die skool op om die matrieks te woord te staan. Vir die haasbekkies voel matriek ligjare ver – 'n misterie wat 'n mens eers verken as jy *groot* is. Toe die besoekers die mikrofoon manhaftig skaak, kies my gedagtes koers. Dit dwaal onwillekeurig deur die kronkels van my eie kind se skoolloopbaan en skielik staan ek voor 'n kruispad: Waar is die tyd heen?

Die antwoord op enige navorsingsvraag is in syfers gebêre en daarom wend ek my na statistiek om 'n skoolloopbaan – daardie wilde tuimeltreinrit waartydens 'n kleuter in 'n jong volwassene verander – in perspektief te stel …

48 kwartale
12 Kersvakansies
19 eksamens
12 sportseisoene
1 graad 7-afskeid
1 graad 10-bal
2 Parkie-balle
1 matriekafskeid

Tussen die definisie van 'n nedersetting, die bou van 'n hyskraan en die skilder van 'n kunsprojek wonder 'n mens soms of jou kind die paal sal haal, maar skielik, op 'n dag, skuif jy (letterlik) oor om die stuurwiel aan hulle oor te gee (dit is absolut vreesaanjaend, maar wel 'n storie vir 'n ander dag).

Daardie dag kom vinnig. Koester elke oomblik.

NS: Ons sien daarna uit om die Matrieks van 2036 eendag op Menlo-bodem te ontvang.

#jouplekisMenlo

Die volgende Menlo-Insig verskyn net voor die skool vir die Desembervakansie sluit en som die hoogtepunte van 2025 in 'n neutedop op. Baie dankie aan almal wat gedurende die jaar saamgelees het.

KOMMUNIKASIE

ALGEMENE JAARVERGADERING

18 November 2025 — Begroting 2026: Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting (Ouditorium, 18:00)

Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting deur middel van 'n stemproses goed te keur.

BL-TUSSENVERKIESING

12 November 2025 — Nominasies van ouerverteenwoordigers sluit.

21 Januarie 2026 — Nominasie- en ouerverkiesingsvergadering.

HANDBOEKE EN WERKBOEKE: 2026

- Ouers word daaraan herinner dat die proses om handboeke uit te deel en werkboeke aan te koop in November plaasvind. Die verloop van die proses is aan alle ouers ge-e-pos.

ED-ADMIN (Menlo-kode: 599649)

- Die *assessment*-funksie op Ed-admin is tans gedeaktiveer. Die funksie sal geheraktiveer word sodra alle punte gefinaliseer is.
- Ouers word daaraan herinner om die **herregistrasieproses** so gou as moontlik af te handel.

MNR. HARTMAN DRA ONDERWYSSAKE OP DIE HART

Meneer Hartman is vroeër vanjaar tot die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) se Provinsiale Uitvoerende Raad verkies en daarna tot die Nasionale Uitvoerende Raad. Hierdie raad bestaan uit verteenwoordiging uit nege provinsies en gee aan mnr. Hartman die geleentheid om aktuele onderwyssake op nasionale vlak aan te roer.

Die skool wens mnr. Hartman alles van die beste toe.

'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Die matrieks van 2025 is die skool se **sestigste** matriekgroep. Vir dekades al word strategieë gedeel om die eksamen draagliker te maak.

Geniet die "moets en moenies" uit die Menlobond se argief op die volgende bladsy.

Afrikaans: 100 jaar

Woorde wat dikwels verkeerd gespel word:

Verkeerd	Reg
oppad	op pad
darm	darem
defnitief	definitief
nogsteeds	nog steeds

● EKSAMEN

Moets en moenies

1. 'n Bleek outjie kan nie dink nie. Sorg dus dat jy soveel tyd as moontlik in die son, verkieslik langs die swembad, deurbring (Onthou water trek son!)
2. Hersiening is neerdrukkend en verwarrend! Dit kan jou dalk herinner aan die dinge waarvan jy nog niks weet nie.
3. Pak jou lessenaar reg voordat jy begin voorberei. Haal diep asem en spandeer soveel tyd as moontlik daaraan — drie maande behoort net die ware Jakob te wees.
4. Die ideale tyd vir voorbereiding is die aand net voor jy 'n vak skryf. Talle middels is beskikbaar om jou deur nag wakker te hou. Vra egter die verskaffer om 'n hamer waarmee een van jou ouers jou kan uitklop na die eksamen . . . kry nog 'n middel vir hoofpyn as jy wakker word.
5. Jou menslike vermoë is beperk. Ondersoek alle moontlike weë om alternatiewe kennis in die eksamenlokaal byderhand te hou — maak notas agter jou ore. Min personeel sal daar kyk en moet net nie jou ore uitleen nie.
6. As jy die vraestel ontvang, moenie dit vooraf deurlees nie. Dit mag jou senuweeagtig maak. Jy mors tyd, skryf dat die ink so spat.
7. As jy by 'n vraag kom wat jy nie verwag het nie, giggel hardop, breek jou potlood in drie gelyke dele. As jy nie 'n potlood byderhand het nie, leen die een van die toesighoudende personeellid.
8. Moenie te gou loop as jy vinnig klaargekom het nie, dit werk neerdrukkend in op die personeel.
9. Die resultaat van hierdie resep is voorspelbaar;
   * 'n Bruingebrande outjie met 'n hoop stukkende potlode
   * 'n Hoop stukkende ideale
   * EN 'n stukkende toekoms.

Lizette Geldenhuys, St. 9

AKADEMIE

MENLO AS UP SE TOPVOEDERSKOOL AANGEWYS

Daar word jaarliks, met die bekendmaking van die matriekuitslae, oor Menlo se puik graadvrystellingskoers berig sonder dat 'n mens regtig besef wat hierdie syfer beteken. Die Hoërskool Menlopark handhaaf al vir dekades 'n tradisie van akademiese trots en streef daarna om leerders optimaal vir tersiêre studie voor te berei.

Die gaping tussen teorie en praktyk is vroeër vanjaar oorbrug toe Die Hoërskool Menlopark uit 150 skole as UP se Topvoederskool aangewys is — 'n reuseprestasie as 'n mens die akademiese standaard van skole in Pretoria in ag neem. Stomverbaas oor Menlo se sukses het een van die gehoorlede vir mnr. Hartman gevra hoe oud-Parkies dit regkry om so suksesvol by Tukkies te wees. Die antwoord? By Die Hoërskool Menlopark leer kinders om op ALLE terreine hard te werk en druksituasies optimaal te hanteer.

Die verslag *"Number of learners from Die Hoërskool Menlopark who registered for studies at the University of Pretoria in 2023, 2024 and 2025"* gee 'n volledige uiteensetting van elkeen van die studierigtings waarin die 606 oud-Menloparkers wat tans aan UP studeer, hulle bevind. Hier volg 'n kort uittreksel uit die verslag:

	2023	2024	2025
BCom in Accounting Sciences	16	20	29
BVSc: Veterinary Science	19	19	20
MBChB: Medicine	49	47	46
BOccTher: Occupational Therapy	10	14	14
BPhysio: Physiotherapy	6	7	10
BEng in Mechanical Engineering	28	28	23

Volg die **skakel** vir die volledige verslag.

AKADEMIE

MENLO-TRIO NA INTERNASIONALE FW-OLIMPIADE OP PAD

Erik Senekal, Clara Serfontein en Luka Smit is onlangs tot olimpiërs verklaar. Hierdie aankondiging volg na die bekendmaking van die SA span wat die land se eer in onderskeidelik Colombië en Oesbekistan by die internasionale Fisika- en Chemie-olimpiade sal verteenwoordig.

Erik Senekal	Nr. 1 in SA in die Fisika-afdeling van die FW-olimpiade. Verteenwoordig SA in Colombië (Fisika).
Clara Serfontein	Verteenwoordig SA in Oesbekistan (Chemie).
Luka Smit	Verteenwoordig SA in Colombië (Fisika).

BLAAI VIR OULAAS DEUR MENLO SE KUNSGALERY



AKADEMIE

WELKOM OP MENLO-BODEM

Uile is bekend vir hulle wysheid — 'n eienskap wat die geveerde spesie met Menloparkers deel. 'n Lid van die gevlekte ooruilfamilie het onlangs op Menlo-bodem besoek afgelê en daar is wyd en syd bespiegel oor redes waarom die uil besluit het om juis op Menlo-bodem te vertoef. Die Insig vermoed dat die besoeker in die Parkies se wysheid wou deel. Die nuwe Parkie sal waarskynlik nie 'n oudisie slaag of by proewe beïndruk nie. Tog is die skool trots op die nuutste toevoeging tot die Menlo-familie en spreek die hoop uit dat die uil sy kuier op Menlo-bodem terdeë sal geniet.

MENLO-DUITSLEERDERS *PRAAT* DUITS EN *BAK* DUITS

Die graad 9-Duitsleerders het die akademiese jaar op 'n heerlike noot afgesluit. Nadat naamvalle en woordeskat vir oulaas hersien is, is die boeke weggepak en die meel uitgehaal om brezels te bak. Op 'n vraag aan Google om aan die Insig te verduidelik presies wat 'n brezel is, is die volgende antwoord (weliswaar nie *auf Deutsch* nie, maar nietemin) voorsien.

Een Brezel, ook wel bekend als een pretzel, is een traditioneel Duits gebakken deegsnack in de vorm van een geknoopte lus. Het heeft een knapperige buitenkant en een zachte binnenkant. Brezels zijn geliefd over de hele wereld vanwege hun unieke vorm en heerlijke smaak. Ze worden vaak geserveerd als snacks, bijgerechten of zelfs als ontbijt.

De oorsprong van de brezel gaat terug tot in de vroege Middeleeuwen in Europa, waar het werd gemaakt door monniken. Het staat bekend als een symbool van geloof en spiritualiteit, met zijn karakteristieke geknoopte vorm die lijkt op gevouwen handen tijdens het gebed. Later verspreidde het zich over heel Europa en werd het een populair straatvoedsel.

Smaaklike ete!

KULTUUR

REDENAARSUITSLAE: OPPI TONG AF

Wehann Snyman (gr. 8) Vermaaklikheidsafdeling: 1ste Goue tonge: 5de

SPORT

KRIEKET: TWEE MENLOPARKERS IN TITANS-SPANNE

Baie geluk aan Jan-Willem Pienaar (o. 16) en Wihan Spanneberg (o. 17) wat vir diens in Titans se spanne opgeroep is.

PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

RUITERSPORT

Libby Pienaar

KPC Post Derby Show
Showjumping (90 cm)
Tweede

SPANREDENAARS

Nina du Plessis, Lyla Hutton, Lara Moolman en Merentia Swanepoel (graad 9) het vanjaar aan verskeie span-redenaarskompetisies deelgeneem en puik ge-vaar. ‘n Paar van die viertal se hoogtepunte sluit in:

Spring In
Nasionale wenners

Kansvatter
Nasionaal derde

MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

OBARO

oasis®

SAFARI OUTDOOR

PARKIEPRENEURS

EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK

MARKPLEIN

Boeke Oortrek – Professionele Diens in Faerie Glen, Pretoria

Moenie tyd mors om self boeke oor te trek nie – ek doen dit vir jou vinnig, netjies en professioneel

Pryslys per boek:

Klein oefenboeke	(A5):	R10.00
Groot oefenboeke	(A4):	R15.00
Handboeke	(A4 dik):	R22.00
Groot dik boeke	(A4 + hardeband):	R30.00

⚠ **Belangrik:**

Gee asb minstens **2 dae** vir die diens.

Indien jy korter tyd gee, vra ek **dubbel die prys per boek**.

As ek self papier of plastiek moet voorsien, sal dit die bedrag verhoog.

🚗 **Afhaal / Terugbring beskikbaar:**

Ek gebruik SARS se voorgeskrewe koers (±R4.76/km).

TUINWOONSTEL TE HUUR

- Twee slaapkamers
- Oorkant Die Hoërskool Menlopark

Ingesluit

Wifi en water / Gasstoof / Gasgeyser / Voorafbetaalde krag / Sekuriteit en gewapende reaksie

Onmiddellik beskikbaar: R10 000 pm

Kontak: Riana (0828092341)